

Laat sy Liefde jou Lei: Aan wie gee jy die eer?

Laat sy Liefde jou Lei: Aan wie gee jy die eer? –
Milanie Vosloo

Aan wie gee jy die eer?

“... Ek loof en prys U, God van my voorouers: U het my wysheid en krag gegee; U het my ingelig oor wat ons van U gevra het; U het my ingelig oor die droom van die koning.” Daniël 2:23

Dis maklik om ‘n mens se eie geloofsreis te oorskat! Om na ander mense te kyk en dan jouself op die skouer te klop oor jou sogenaamd sterk geloof! Hierdie illusie kan juis in ons hart ontspring in tye wanneer dit uitstekend met ons geloofslewe gaan en wanneer ons dalk vir ‘n wyle vergeet dat ons geloof ‘n gawe en ‘n louter stuk genade is.

Wanneer ons die verhaal van Daniël lees, is dit insiggewend om te beseef dat Daniël nie net op sy knieë was toe hy onstellende leeukuil-tye beleef het nie. Nee, Daniël was in totale afhanklikheid en nederigheid voor sy God selfs toe hy wonderlike oorwinnings behaal het en geeër is as die enigste een wat koning Nebukadneser se drome kon ontleed. Dit was op so ‘n hoogtepunt in sy lewe wat hy met groot nederigheid erken: *Die geheim is vir my verklaar, nie omdat ek slimmer is as enige iemand anders nie, maar omdat God wil hê dat die koning moet verstaan waaroor hy gedink het.” Daniël 2:30*

Opregte geloof leef altyd in volkome oorgawe en nederigheid uit die genadehand van God. En gee daarom onder alle

omstandighede eer aan die Een deur wie alles is en sal wees.

Genade-God, help my om altyd te onthou dat ek is wat ek is, om U ís.

Bybelkennis gaan gereeld gedeeltes uit Milanie Vosloo se boek: Laat sy Liefde jou Lei, publiseer. Ons dank aan Milanie Vosloo en CUM vir hierdie vergunning.

Vir meer inligting oor CUM, besoek gerus hulle webblad by www.cumuitgewers.co.za

Skrywer: [Milanie Vosloo](#)